# DAAR IS NET, GELUKKIG, TWEE PAAIE!

PSALM 1; Jer 17:5-8, 13; Joh 6:66-69

INLEIDING

- Hierdie psalm is later geskryf as die meeste ander psalms. Dit is egter nie sonder goeie rede dat dit heel eerste geplaas is nie. Dit is 'n soort OPSKRIF vir die hele Psalmboek. Jy kan dit ook die VOORPORTAAL tot die Psalmbundel noem. Of soos iemand gesê het: Dit is soos 'n KENNISGEWINGBORD waarby jy eers moet verbygaan voordat jy die Psalms ingaan.
- Ons kry in hierdie psalm die PORTRETTE van die hoofkarakters in die Psalms. Daar is die portret van 'n **gelowige** (in vers 6 "regverdiges" genoem), maar ook van die **goddelose**. Dan vertel dit ons ook van **God.**. Dit is asof die skrywer van hierdie psalm vir ons wil sê: *Die Psalmboek wat hierna volg, handel oor hierdie twee groepe mense en hulle verhouding met God.*
- Ps 1 vertel ons van die VERSKIL **tussen** gelowige mense en mense wat nie met God rekening hou nie
- Dit stel jou voor DIE KEUSE tussen twee paaie: die pad van die regverdige en die pad van die goddelose (:6).

DAAR IS TWEE GROEPE MENSE

Die **teenstelling** tussen die twee groepe mense op die twee paaie word voorgestel deur die BEELDE van 'n *boom* en *kaf.*
Johan Cilliers verwys na 'n **vreemde verskynsel** wat verbygangers jare gelede in die middel van London laat stilstaan het. Dit was 'n **wingerdstok** wat in harde grond tussen geboue gegroei het. Die wingerdstok was gesond, het pragtige blare gehad en groot trosse druiwe gedra. Daar was 'n kennisgewingbord wat hierdie verskynsel verduidelik het. Die wortels van die wingerdstok het nl op die een of ander manier hulle weg deur die klipharde grond tot by die Teemsrivier gevind!
So word die gelowige vergelyk met *"'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie."* (:3) Hierdie beeld spreek van *vastigheid* (geplant), *betroubaarhei*d (regte tyd), *vrugbaarheid (*vrug) en *lewenskrag* (blare verdroog nie). Daarteenoor **is kaf** onstabiel, leweloos, vrugteloos en van verbygaande aard. So is die mens sonder God se lewe. Dit loop op niks uit nie. Hulle is wortelloos en vrugteloos. Die rede is omdat hulle **outonoom** leef (autos … nomos= eie wet). Hulle beskou hulself as nòg aan God, nòg aan sy Woord gebonde. Gevolglik sal hulle ook soos kaf wees wanneer God se **oordeel** plaasvind en die kaf van die koring geskei word.
**Die gelowige daarteenoor**, vind sy *vreugde in die woord van die Here*. Hy oordink dit *"dag en nag" (:2).* Wat water vir 'n boom is, dit is die geopenbaarde wil van God vir die gelowige. Destyds was dit die Tora, in ons geval is dit die Bybel.
Broer en suster, dit is hoe belangrik dit is dat ons *gereeld en aandagtig* ons Bybels sal lees. Ons het dit so nodig soos water! Dit sorg vir lewenskrag, stabiliteit en vrugbaarheid. Dit moet egter nie net 'n gewoonte of intellektuele oefening wees nie. Ek hoop u vind ook vreugde daarin! Ons moet God se wil bestudeer sodat ons dit kan LEEF.

DAAR IS NIE ‘N DERDE MOONTLIKHEID NIE

Wat baie duidelik is, is dat daar **nie ‘n grys gebied** of goue middeweg tussen hierdie twee groepe mense is nie. ‘n Mens is òf goddeloos òf regverdig. Ons dien God - of nie, en kan nie op twee gedagtes hink nie. Daar is nie ‘n derde moontlikheid nie.
Jy is òf op die pad van die regverdige òf op die pad van die goddelose. Die pad waarop die goddelose loop, word uiteindelik ‘n doodloopstraat. Dit *“lei tot ondergang*”. Die pad van die regverdige, daarenteen, is ‘n pad waarop die Here hulle lei, waarop Hy met hulle saamloop *(lees :6).*
Die **goeie nuus** is dat ons kan dankie sê dat daar wél twee paaie is, en nie net een nie. Dit is glad nie so vanselfsprekend soos ’n mens dink nie. As dit nie was vir God se liefde nie, was daar net een pad … die pad van die goddeloses.
Eintlik is **die keuse** tussen hierdie twee paaie dus baie maklik! Dit is ‘n keuse tussen lewe en dood. Wie in Jesus Christus glo, sal lewe. Wie Hom verwerp, sal sterwe. Soos Petrus tereg verklaar het: *“Here, na wie (anders) toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee.” (Joh 6:68) “Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie.” (Joh 3:36)*

DIE VERSKIL TUSSEN DIE TWEE IS NIE ALTYD SO DUIDELIK

Hierdie psalm sê natuurlik **nie alles** wat daar oor die pad van die regverdige en van die goddelose te sê is nie. Dit is slegs ‘n inleiding tot die 149 psalms wat daarna nog volg. ‘n Mens moet die res van die psalmbundel ook lees om die volle prentjie te kry. Die manier waarop God die wêreld bestuur, kan nie onder maklike formuletjies gebring word nie.
Hier staan bv dat die regverdige *“voorspoedig is in alles wat hy aanpak.”* (:3) Ons weet tog dat baie gelowiges deur **diep waters** gaan. Om naby die Woord van die Here te leef beteken nie noodwendig voorspoed nie. Op aarde is die **onderskeid** tussen die gelowige en ongelowige nie altyd so duidelik nie. Die **ervaring** van gelowige mense is dikwels dat hulle NIE voorspoedige mense is nie. Ps 1 begin met sekerheid en Ps 150 eindig met lof. Tussenin hoor ons egter die emosies van *klag, pynlike twyfel, selfbejammering, woede en selfs haat.* Nie minder as 60 van die 150 psalms is klaagpsalms. (Lees ook maar Ps 13, 73, 77 en 88 asook Hab 1:1-17 en Maleagi 3:14,15.)
Soos in die Psalmbundel, loop die pad na lof in kinders van die Here se lewens baie maal ook eers deur *diep dale van klag en pyn*. Soms ly die regverdiges en beleef die goddeloses voorspoed. Die uiteindelike bestemming van die gelowige bly egter seker, al is die pad daarheen soms klipperig.
Gelowiges ervaar ook soms *siekte, depressie en hartseer*, maar hulle het gelukkig **diep wortels**. Dit is so diep dat die storms van die lewe dit nie kan uitruk nie. Die **sleutel tot geluk** is om in die Woord van God gewortel te wees, selfs wanneer ons in pyn, angs en hartseer verkeer.

DIE WAARDE VAN DIE BYBEL

Luister hoedat iemand die betekenis van die Bybel verduidelik het:
Die Woord van God is ...
* die t**ouleer** wat uit ’n reddings-helikopter na onder val of die **lewensboei** van ’n reddingsboot as jy in die stormsee van die lewe wil verdrink.
* die **rooi mat** wat vir jou uitgerol is sodat jy daarop kan loop na jou Vader en jou broer Jesus se huis.
* die **lig** wat vir jou skyn wanneer dit pikdonker rondom jou word.
* jou **brandstof** as die lewe jou leeg tap en jy dreig om te stagneer.

* die **vriend** wat jou aanmoedig om aan te hou wanneer jy wil tou opgooi.

Dit sal goed wees om ook Emerson se beroemde woorde te onthou: *"Jy word wat jy die hele dag lank dink."* Jy word wat jy dink. *"Jy is nie wat jy dink jy is nie. Jy is wat jy dink."* **Vul daarom** jou denke met positiewe, opbouende gedagtes en jy sal waarlik 'n positiewe mens wees. Vul jou gedagtes met die Woord van God. **Wat leer die Woord jou?** Wie God is, wie jy self is, wie jou naaste is, en ook hoe jy die lewe moet leef. Fil 4:8 (lees)

**Leef dan** alles in die Woord wat jy oordink in elke oomblik van jou lewe uit. Want die Heilige Gees wil jóú gebruik om Moody se veelseggende woorde waar te maak: *"Uit honderd mense sal een persoon die Bybel lees, die ander 99 lees daardie persoon."*

Ons het by Johannes gehoor dat baie van Jesus se aanvanklike volgelinge het Hom verlaat toe hulle agterkom Hy vra van hulle groot opofferinge. En ons? Watter pad kies ons: die een agter Jesus aan, of die een weg van Hom?
Ek hoop dat u saam met Petrus sal sê: *"Here na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee."* (6:68) Hy laat ons wees soos die wingerdstok in Londen en die boom in Psalm 1: standvastig, betroubaar, vrugbaar en lewenskragtig!

Amen.
20.09.09

**STILTE en TOEWYDING**: Wat het jy by God gehoor? Wat sou 'n gepaste reaksie wees?